## TASHKENT (Oesbekistan)

Bevolking: 2,4 milj; Godsdiens: Moslems 90%; Christene 2,3%
Amptelike taal: Oesbek; Geletterdheid 100%

**HET JY GEWEET:** Tashkent, die hoofstad van Oesbekistan & die grootste stad in Sentraal Asië, Is die hoof ekonomiese & kulterele sentrum van die streek. Dis 'n stad van 2,6 mil mense wat 'n mengsel van moderne & Soviet era argitektuur bevat. Nadat dit in die 8ste eeu in die hande van die Arabiere geval het, is Oesbekistan deur die Mongole oorgeneem in die Middeleeue & het uiteindelik onafhanklikheid verkry na die ontbinding van die USSR in 1991. Sedertdien het Oesbekistan op alle aspekte van die lewe dramaties verbeter. Dit het selfs in 2019 die toekenning gekry vir die land wie se die ekonomie die beste verbeter het. Tsv sulke vooruitgang word die kerk erg onderdruk. Hulle moet registreer by die regering, wat hulle aktiwiteite beperk & beheer. Die regering straf enigeen wat probeer om Oesbeke of ander Moslem-groepe met die Evangelie te bereik.(Geneem uit 30 dae gebed vir Ramadan)




Geneem uit CIA World Fact Book

**Bid asb. :**

- Vir 'n magtige beweging van Gees-gedrewe gebed in die stad & die land.
- Dat families bereik & gemeenskappe geïnpakteer sal word met die Evangelie.
- Dat die Koninkryk van God bevorder sal word deur drome & visioene.

*Moenie agter afgode aan wegdraai nie. Hulle kan nie help of red nie, want hulle is niks. (1Sam 12:21)*

**SAAWE**
**Patrys 083 973 4011**

## MOSLEMS IN ZAMBIË

Bevolking: 20 milj; Godsdiens: Moslems 5%; Christene 95%;
Amptelike taal: Engels; Geletterdheid 87,5%

**HET JY GEWEET:** In die afgelope 5 jr is daar 'n toename in die migrasie van buitelandse Moslems na Zambië. In Chipata is ±75% van die besigheidsgemeenskap Moslems van Asiese afkoms. Hulle sê: " hierdie land is julle sin maar die geld is ons sin." Daar het baie bekerings tot Islam plaas geving. In party gebiede het Moslems groot stukke grond gekoop waar hule huise bou vir kwesbare mense. Hulle deel elke maand vir omtrent almal in die gemeenskap kospakkies uit, wat die gemeenskap van die Moslems afhanklik maak. Moslems in Zambië is nie oop vir die Evangelie nie, intendeel, die wat Islam aanvaar het word gedreig met die dood indien hulle sou terug keer na die Christendom. Geen geweld is nog waargeneem nie, maar indien niks gedoen word nie kan dieselfde gebeur as wat in Noord Mosambiek gebeur het. Moslems beïnvloed mense deur media, finansiële hulp & die gebruik van tradisionele leiers om voor te gee dat hulle die gemeenskap wil help.(Geneem uit 30 dae gebed vir Ramadan SA)




Geneem uit CIA World Fact Book


**Bid asb. :**

- Dat gelowiges die Evangelie sal deel & sterk sal staan tsv moeilike tye & moontlike vervolging.
- Dat die Here Jesus Homself aan Moslems in Zambië sal openbaar deur drome & visioene.
- Vir GALI, 'n plaaslike inisiatief, wat probeer om die kerk in te lig oor die gevaar van Islam & ten doel het om Moslems met die Evangelie te bereik.

*Mense oor die hele wêreld sal die Here erken en hulle tot Hom bekeer. ...(Ps 22:28)*

**SAAWE**
**Patrys 083 973 4011**

## ISLAM IN SUB-SAHARA AFRIKA



**HET JY GEWEET:** Die geskiedenis wys dat tsv sy uitstaande onwikkeling & glorie van die verlede, het die Christendom in Afrika byna verdwyn, agv die opmars van Islam in Noord Afrika. In die 7de eeu het Moslem magte oor Christengemeenskappe in Noord Afrika geloop & Nubië & Etiopië afgesny. Nubië is in 1315 oorwin & Alwa (Nou Sentraal & Suid-Soedan) om en by 1500, terwyl Etiopië as 'n Christen buitepos staande gebly het. Sedertdien het Noord Afrika 'n Moslem-oorheersde deel van Afrika gebly. Islamitiese groepe voer 'n jihad (heilige oorlog) om gebiede regoor die wêreld te oorwin & 'n Islamitiese staat te vestig. In Sub-Saharah Afrika het baie lande aansienlike Moslem minderhede wat die potensiaal het om geradikaliseer te word. Gedurende die afgelope 2 dekades het Islamitiese ekstremiste state langs die Oostelike kus van Afrika geïmpakteer.(Geneem uit 30 dae gebed vir Ramadan SA)

**Bid asb. :**

- Vir die ontwaking & mobilisering van kerke in Sub-Saharah om te reageer op die uitdaging van Islam.
- Dat Christene deel sal neem aan bewusmakings-progamme & opleiding vir Moslem evangelisasie.
- Dat die Here Jesus Homself sal openbaar aan radikale Moslems & dat hulle na Hom sal draai.

*"....baie nasies (sal) hulle aan die Here verbind: hulle sal my volk wees,…." (Sag 2:11 )*

**SAAWE**
**Patrys 083 973 4011**

## SOMALIËRS IN SUID-AFRIKA

Bevolking 70 000; Godsdiens: Moslems 100%;
Amptelike taal: Somalies & Arabies; Geletterdheid 41%

**HET JY GEWEET:** Somaliërs word oral in SA gevind. Hulle het uit hulle land gevlug agv geweldige hongersnood & voortdurende oorlog. Daar is verskillende inisiatiewe wat uitreik na die Somaliërs in ons land. Wanneer Somaliëra hul vertroue in Jesus stel dan word baie van hierdie nuwe gelowiges vervolg & selfs dood gemaak deur hulle eie families. Wanneer hulle gelowiges word, het hulle nuwe families nodig – Christen families wat hulle sal inneem & die pad saam met hulle sal stap. Baie verloor hulle werk in hul familiebesighede, agv hulle nuwe geloof. Hulle het finansiële oplossings nodig - opleiding, ondersteuning & 'n nuwe werk. Daar is 'n moontlikheid vir die ontwikkeling van 'n opleidings-sentrum in SA, spesifiek vir hierdie nuwe gelowiges. Van die Somaliërs wat navolgers van Jesus geword het het terug gegaan na Somalië. Hulle werk & bedien hul eie mense in uiters moelike omstandighede in gebiede wat beheer word deur Al Shabab. (Geneem uit 30 dae gebed vir Ramadan SA)




Geneem uit CIA World Fact Book

**Bid asb. :**

- Dat Somaliërs in SA ontvanklik sal wees vir die Evangelie.
- Dat die Heilige Gees dié sal lei wat hulle lewens aan Christus oorgegee het - hoe om hulle unieke lewens te lewe & te nawigeer deur die uitdagings van vervolging.
- Dat dié wat na Somalië terug gegaan het, om hulle geloof te gaan deel, krag sal vind in ons almagtige God.

*Ek het My laat vind deur mense wat My nie ….gesoek het nie. (Jes 65:1)*

**SAAWE**
**Patrys 083 973 4011**